**GRONDWET VAN DIE OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**

**1. Naam**

Die naam van die Vereniging is die Oesterbaai Inwonersvereniging.

**2. Interpretasie**

Ingevolge hierdie Grondwet:

2.1 **"**Bestuurskomitee" verwys na die Bestuurskomitee van die Vereniging, daargestel ooreenkomstig klousule 8 hiervan;

2.2 "Lid" verwys na die ingeskrewe lid van die Vereniging;

2.3 "Munisipaliteit" verwys na die Kouga Munisipaliteit (EC 108)

2.4 "Vereniging" verwys na die Oesterbaai Inwonersvereniging;

2.5 "Inwoner" enige eiendomseienaar, inwoner (hetsy permanent of tydelik) of besoeker of vakansieganger binne die geografiese gebied van die Vereniging; en

2.6 "Oesterbaai" verwys na die geografiese gebied van die Vereniging, synde Oesterbaai en Umzamowethu.

**3. Visie**

As 'n onafhanklike vereniging, om die lede by te staan om hul behoeftes en vereistes te koördineer en hul gekoördineerde vereistes en behoeftes oor te dra aan die Kouga Munisipaliteit, die Provinsiale Regering en Nasionale Regeringsdepartemente, -agentskappe of –instellings om te verseker dat Oesterbaai en sy Inwoners sy/hul regmatige aandeel en toedeling van begrotingsbesteding, dienste en ontwikkeling ontvang.

**4. Missie**

Om na die die behoeftes van inwoners van Oesterbaai om te sien, deur

4.1 die sake van die Vereniging doeltreffend te bestuur.

4.2 Op die hoogte te bly van die aksies van gesagsowerhede in die gebied.

4.3 Te verseker dat munisipale dienslewering vodoen aan inwoners se regte ingevolge die Nasionale Grondwet.

4.4 Inwoners in te lig oor die werksaamhede van die Vereniging.

4.5 Die koördinering en prioritisering van die behoeftes van al die belanghebbendes te fasiliteer.

4.6 In die algemeen te konsulteer.

4.7 Vereenselwiging met die Vereniging te bevorder.

**5. Lidmaatskap**

Enige inwoner of vriend van die Oesterbaaigemeenskap wat agtien (18) jaar en ouer is, sal geregtig wees om aansoek te doen om lidmaatskap.

Alle lede sal volle stemreg hê, met dien verstande dat hy/sy die jaarlikse ledegeld betaal het.

**6. Ledegeld**

6.1 Die jaarlikse ledegeld vir lidmaatskap sal op die Algemene Jaarvergadering of op ‘n Spesiale Algemene Vergadering wat vir hierdie doel gehou word, bepaal word.

6.2 Ledegeld is betaalbaar sodra lidmaatskap aanvaar word en daarna jaarliks voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering.

6.3 Lede wie se ledegeld nie voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering ten volle vereffen is nie, bly lede, maar verbeur hulle stemreg.

**7. Bestuurskomitee**

7.1 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit:

7.1.1 ‘n Minimum van vier (4) verkose lede, verkies deur die Algemene Jaarvergadering, asook soveel addisionele lede as wat die Algemene Jaarvergadering op mag besluit; en

7.1.2 ‘n Maksimum van drie (3) gekoöpteerde lede, om deur die verkose lede van die Bestuurskomitee gekoöpteer te word, soos en wanneer nodig na hul goeie oordeel.

7.1.3 Die Voorsitter,Adjunk-voorsitter, Sekretaris/esse, Tesourier word op die eerste OIV bestuursvergadering verkies.

7.1.4 Die termyn van die verkose bestuurslede is twee jaar.

7.2 Die nominasie van ‘n Bestuurskomiteelid, behoorlik aanvaar deur die genomineerde en onderteken deur die voorsteller en sekondant, moet skriftelik voorgelê word. Dit sal geskied minstens 24 uur vóór die Algemene Jaarvergadering. Die Voorsitter sal die nominasies op die Algemene Jaarvergadering ter tafel lê.

7.3 Lede van die Bestuurskomitee sal dien vanaf die einde van die Algemene Jaarvergadering waarop hulle verkies is.

7.4 ‘n Gekoöpteerde lid word aangewys tot aan die einde van die eersvolgende Algemene Jaarvergadering.

7.5 Slegs stemgeregtigde lede (dit wil sê lede waarvan die ledegeld ten volle betaal is) is verkiesbaar of koöpteerbaar tot die Bestuurskomitee.

7.6 Gekoöpteerde lede van die Bestuurskomitee sal, buiten vir koöptasies, volle stemreg hê.

7.7 Dienende raadslede of amptenare van die Kouga Munisipaliteit (EC 108) is nie verkiesbaar tot die Bestuurskomitee nie.

7.8 Daar sal van ‘n lid van die Bestuurskomitee vereis word om sy/haar pos te ontruim indien hy/sy aktief ‘n politieke kandidaatskap navolg, of indien hy/sy ‘n amptenaar of konsultant vir die Kouga Munisipaliteit (EC108) word.

7.9 Indien ‘n vakature in die Bestuurskomitee ontstaan, sal die vakante pos by die eersvolgende vergadering van die Bestuurskomitee deur die oorblywende lede van die Bestuurskomitee gevul word, of uit eie geledere, of deur middel van ‘n verdere gekoöpteerde lid.

7.10 Die ampstermyn van ‘n lid wat sodanige vakature vul, sal strek tot aan die einde van die eersvolgende Algemene Jarvergadering.

**8. Bevoegdhede van die Bestuurskomitee**

8.1 Die sake van die Vereniging sal deur ‘n Bestuurskomitee geadministreer word.

8.2 Die Bestuurskomitee sal die sake en belange van die Vereniging ooreenkomstig hierdie Grondwet, uitsluitlik tot die voordeel van die Vereniging, bestuur en bevorder.

8.3 Fondse van die Vereniging sal slegs tot voordeel van die Vereniging aangewend word.

8.4 Slegs die Voorsitter, of ‘n lid deur hom/haar benoem, sal onderhoude voer en aankondigings maak oor aangeleenthede wat met die Vereniging verband hou.

8.5 Die lede van die Vereniging sal geen vergoeding ontvang nie, maar sal geregtig wees om vergoed te word vir *bona fide* werklike uitgawes aangegaan in die uitvoering van hul pligte en terme van hierdie Grondwet.

**9 Finansies**

9.1 Die Bestuurskomitee sal fondse van die Vereniging, gegewe die bepalings van hierdie Grondwet, na eie goeddunke Bestuur.

9.2 Die finansiële jaar van die Vereniging strek vanaf 1 November tot 31 Oktober.

9.3 Die Bestuurskomitee sal 'n lopende en/of spaarrekening by 'n kommersiële bank hou. Elektroniese banksake word toegelaat met dien verstande dat die nodige veiligheidsmaatreëls in plek is.

9.4 (Alle tjeks, onttrekkings of oorplasings sal deur twee lede van die Bestuurskomitee gemagtig word.) Ten minste twee bestuurslede sal tekenreg hê.

9.5 Die Bestuurskomitee sal verantwoordelik wees vir die hou van finansiële rekords en voorlegging van finansiële state en verslae op die Algemene Jaarvergadering.

9.6 Twee (2) stemgeregtigde lede, wat nie lede van die Bestuurskomitee is nie, sal deur die Bestuurskomitee aangestel word om die boeke en finansiële state van die Vereniging te ondersoek en daaroor te rapporteer op die Algemene Jaarvergadering.

9.7 Die betaler van enige bydrae, behalwe ledegeld, sal geregtig wees om te spesifiseer hoe sodanige fondse aangewend mag word. Indien geen sodanige gespesifiseerde doel aangedui word nie, sal die fondse vir die algemene doeleindes van die Vereniging aangewend word.

**10. Vergaderings**

10.1 'n Algemene Jaarvergadering sal een keer per kalenderjaar gehou word, nie later nie as die einde van Desember.

10.2 Die Bestuurskomitee mag 'n Algemene Vergadering na goeddunke belê.

10.3 Die Bestuurskomitee sal onmiddellik 'n Algemene Vergadering belê ná ontvangs van 'n sodanige Vergadering, met die rede vir die versoek en onderteken deur minstens vyftien (15) lede.

10.4 Lede sal minstens veertien (14) dae skriftelike kennis (insluitend die agenda) van Algemene Vergaderings gegee word.

10.5 Lede mag agendapunte vir bespreking op 'n algemene vergadering voorlê, nie later nie as 24 uur vóór die vergadering.

10.6 Die Voorsitter, of indien hy/sy afwesig is, die adjunk-voorsitter, sal voorsit op alle vergaderings van die Vereniging. Indien albei afwesig is, sal 'n voorsitter vir die vergadering deur die lede wat teenwoordig is, verkies word.

10.7 Vergaderings van die Bestuurskomitee sal minstens vier (4) keer per jaar gehou word.

10.8 Besluite van die Bestuurskomitee mag elektronies geneem word (d.w.s. via telekonferensie of e-pos).

**11. Kworum by vergaderings**

11.1 Vyf-en-twintig (25) lede vorm 'n kworum op Algemene Jaarvergaderings en Algemene Vergaderings van die Vereniging. Indien 'n kworum nie binne vyftien (15) minute ná die vasgestelde aanvangstyd teenwoordig is nie, sal die vergadering uitgestel word na 'n datum en tyd binne die daaropvolgende sewe (7) dae. Op hierdie tweede datum, waarvan behoorlik kennis gegee sal word, sal die lede wat teenwoordig is, 'n kworum vorm.

11.2 Die helfte van die lede plus een lid sal 'n kworum by Bestuurskomiteevergaderings vorm.

**12. Stemreg en stemming by vergaderings**

12.1 Op alle vergaderings sal kwessies opgelos word by wyse van 'n meerderheidstemming van lede.

12.2 Op alle vergaderings sal stemme uitgebring word met die opsteek van hande, tensy anders deur die Voorsitter bepaal.

12.3 Die aankondiging deur die Voorsitter dat 'n mosie aanvaar of verwerp word, dien as afdoende bewys van die uitslag.

12.4 Slegs lede wie se ledegeld betaal is, is geregtig om te stem.

12.5 Benewens sy/haar normale stemreg, sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê indien 'n stemming op 'n gelyke uitslag uitloop.

12.6 Lede mag hul stem uitbring by wyse van skriftelike volmag op enige vergadering waar stemming vereis word. Die Gevolmagtigde mag stem namens al sodanig toegekende stemme.

**13. Notules**

13.1 Daar moet behoorlike notules van die verrigtinge by alle vergaderings van die Vereniging gehou word.

13.2 Enige inskrywing op sodanige notules wat bevestig en onderteken is, word beskou as 'n juiste weerspieëling van die verrigtinge van die Vergadering, behalwe as die teendeel bewys word.

**14. Aangeleenthede verwys na die Bestuurskomitee**

Enige aangeleentheid wat na die Bestuurskomitee vir aandag en/of aksie verwys word, moet skriftelik voorgelê word.

**15. Wysigings aan die Grondwet**

15.1 Die Grondwet sal slegs op die Algemene Jaarvergadering of op 'n vergadering wat vir daardie spesifieke doel gehou word, gewysig word. Sodanige wysigings sal slegs geld indien 'n twee-derde meerderheid lede ten gunste van die wysigings stem.

15.2 Die voorgestelde wysigings sal saam met die kennisgewing van die Algemene Vergadering aan lede gestuur word.

**16. Ontbinding van die Vereniging.**

16.1 Die Vereniging sal ontbind word indien twee-derdes van die lede teenwoordig op die Algemene Jaarvergadering, of 'n Algemene Vergadering wat vir daardie doel gehou word, ten gunste van die ontbinding stem.

16.2 Kennisgewing van sodanige vergadering sal spesifiek melding maak dat die ontbinding van die Vereniging op die agenda sal verskyn.

16.3 Die besluit om die Vereniging te ontbind, sal duidelik aandui hoe met die die bates van die Vereniging gehandel sal word.

17. Politieke Onpartydigheid

17.1 Die Vereniging sal apolities wees.

17.2 Geen Party Politieke besprekings sal op enige vergaderings van die Vereniging toegelaat word nie.

**18. In die geval van enige interpretasieprobleme, sal die Afrikaanse weergawe van die Grondwet deurslaggewend wees.**